Vroue in die geskiedenis – deel 2: Vroue Voor 1930

Deel 2: My kindjie is heeltemal gesond!

Die Koningsbode. Februarie 1929. Hy was vroëer onderwyser in een van ons sendingskole en is 'n kristen. Sy dogtertjie was baie ernstig siek toe hy en die moeder haar na die sendinghospitaal te Mvera gebring het. Daar word sy met sorg behandel, maar die inflammasie van die longetjies wou nie verminder nie. Haar koors bly by 103-104 grade Farenheit. Na 'n week moet die vader teruggaan na sy werk. 'n Paar uur na sy vertrek, val die koors en die kindjie se lewe is gered. Dr Jeanette Murray[1] ontvang 'n rukkie later die volgende brief:

> *Juffrou. Verskoon my asseblief dat ek in Engels skryf, maar dit is omdat ek wil hê dat u goed moet verstaan wat ek meen.*
> *Ek is baie, baie bly om u te laat weet dat my vrou veilig hier aangekom het met my liefste Effie, en dat die kindjie heeltemal gesond is.*
> *Ek het nie woorde om my dankbaarheid uit te spreek nie, en ek is ontelbaar dank aan u verskuldig, vir u moederlike hulp en vriendelikheid aan ons kind, solank sy onder u behandeling was in die hospitaal. Ek stuur daarom hiermee 'n sommetjie geld, 4 sjielings, net om my opregte dank jeens die Heer te bewys.*
>
> *Ek is, juffrou, u gehoorsame dienskneg,*
> *Justin Ntabe."*

Dr Jeanette FL Murray is in 1925 die eerste vroulike mediese dokter in die NG Kerk Buitelandse Sending te Mvera. Teen 1928 is Pauline Murray[2] op Malanda en kan hul soms "lekker saamwerk". Jeannette vertel: *"Pauline doen daar 'n groot werk, en het 'n verpleegster baie nodig. Wanneer sal ons van ons Mede Sending Arbeidsters hier sien as verpleegsters? Is daar niemand wat wil kom, om in hierdie heerlike werk te deel nie? Ons het ten minste vyf verpleegsters nodig."*[3]

Al was eerste verpleegsters, Sr Durand in Nyassaland en Sr S Meyburgh in Mashonaland, bly die behoefte aan nog, konstant. Vroue sendelinge (afgestudeerdes van Hugenote Seminarium en Friedenheim) is meesal 'uitgestuur' deur die Vrouesendingbond, tgerwyl Medesendingarbeidsters – 'jong dogters' van die kerk – die mediese vroue sendelinge met gebed, briewe en op materiële vlak ondersteun, byvoorbeeld 'n eerste klein motor vir Pauline koop.

Dr Pauline by haar klein motor

Opleiding van verpleegpersoneel, Morgenster

Op die skouers van hierdie vroue pionier-medici rus die volle verantwoordelikheid van die bestuur en bedryf van die hospitaal en omliggende 'buiteklinieke', asook opleiding van 'hospitaalhulp' en vroedvroue. Met die onontbeerlike van hierdie plaaslike personeel doen hulle bevallings, amputasies, gekompliseerde operasies, maar bowenal leer hul bid en vetrou. Hulle word gekonfronteer met die mag van bygelowe en toordery, wat pasiënte laat weier om behandeling te ontvang of operasies te ondergaan.
Jeannette skryf: *"Bid tog vir ons Christene dat die krag van die heidendom en bygeloof in hulle lewens heeltemal gebreek mag word en dat hulle die krag van die Heilige Gees mag ontvang."*

---

[1] Kleindogter van Ac Murray (eerste sendeling in Nyasaland).
[2] Dogter van William en E Murray van Mvera/Mkhoma
[3] Die Koningsbode. Maart 1929:86

Vroedvroue en babas Mlanda & Morgenster (1&2); Dr Pauline Pretorius(nee Murray), Nkhoma (3); verpleegster, Morgenster (4)